

Ds. A. W. C. Bester
Vredendal Wes
11 September 1977

Onderwerp: God roep ons

Lees: Romeine 8 verse 18 tot 30

Teks: Romeine 8 vers 28

Sing: Psalm 66 verse 1 en 7
Gesang 38 verse 1 en 6

“Broers en Susters die kerngedagte in ons teks is: Ons is geroep. Dit is waarvan Paulus praat as hy skryf: ‘... hulle wat na sy voorneme geroep is’. (Rom 8:28)

“Die geroepenes van God is die gemeente van Jesus Christus, sy lidmate, sy gelowiges. Dit is hulle tot wie die stem van God eenmaal gekom het. Hy het hulle elkeen by die naam geroep en sy Naam oor hulle uitgespreek. En só het Hy elke geroepene in ’n bepaalde verhouding met Hom gestel.

“Broers en Susters, al is daar nog baie gebreke en ellende in ons, is ons tog in hierdie opsig onderskei van die wêreld. God het Hom met ons lewens ingelaat. Hy het met ons gepraat. Hy het met ons bemoeienis gemaak. Sy spreke en sy Woord wat hierdie ganse skepping tot stand gebring het, het ook tot ons gekom en ’n herskepping in ons lewe bewerk. Hy het ons wat deur die sondeval kinders van die toorn was, omskep tot kinders van God.

“Broers en Susters, is dit waar van u lidmaatskap oftewel u verbintenis met die Kerk van Jesus Christus? Sien ons altyd ons lidmaatskap in hierdie lig?

“Ek wil vanmôre met u praat dat ons geroepenes van God is; en dat daar juis in God wat ons geroep het, ’n sekerheid en ryke vertroosting vir elke gelowige opgesluit lê.

“Hierdie roeping is deel van God se heilsplan met u en my lewe. Die grond van ons roeping is: God roep die mens deur sy Woord. En dié roeping hang nie in die lug as iets onsekere nie. Dit is nie ’n losstaande verskynsel nie. Nee, ons is geroep na God se voorneme. God het reeds van ewigheid af besluit dat hierdie roeping tot u en my sou uitgaan. Dit is die vaste grond van ons roeping. As ons dus luister na die prediking van die Woord en die roeping van God tot ons daarin verneem,

weet ons meteens dat dit uit God se ewige voorneme geskied.

“Maar meer nog, Paulus sê dat die geroepene ‘vantevore verordineer’ is. (Rom 8:29) Hy wil ons hierdeur oortuig van die heerlike troos van die uitverkiesing.

“(Ons gaan nie nou die aard van die uitverkiesing beredeneer nie, buiten dat dit tot ons uitnemende troos dien.)

“Die eerste vraag wat elkeen vir onself moet afvra, is nie of ek uitverkies is nie, maar wel: Het die roeping van God tot my deurgedring? Die trefkrag van die hele saak lê in die roeping. Het ek persoonlik die stem van God verneem en met geloof daarop geantwoord?

“As dit vanmôre só is in u lewe, Broers en Susters, dan kan ek tot ’n vertroosting sê dat die roeping van God ’n skakel is in die ketting van God se verlossingsdaad met die sonde. Die skakels van hierdie ketting is onwrikbaar aanmekaar gekoppel. En die skakel van die roeping van God is onlosmaaklik verbonde aan die uitverkiesing. Ons gryp dus hierdie verlossingsketting vas by die skakel van die roeping en weet dat die ketting teruggaan tot by die uitverkiesing. Die roeping is noodwendig die uitvloeisel van die uitverkiesing. Dit wil sê, die uitverkiesing is die grond van ons roeping.

“Paulus sê ons is bestem, of ‘verordineer om gelykvormig te wees aan die beeld van sy Seun, sodat Hy die eersgeborene kan wees onder baie broeders’. (Rom 8:29)

“Broers en Susters, dít is die doel van God met sy gemeente en met elke lidmaat. Dit is naamlik om aan ons dieselfde heerlikheid te gee as wat sy Seun besit; en om u en my aan Christus Jesus gelykvormig te maak. Met ander woorde, Hy wil sy volmaakte beeld wat deur die sonde in ons lewens verwoes is, weer herstel.

“Dit is ook God se wonderlike voorneme dat sy Seun nie alleen sal wees nie. Jesus Christus sal nie die enigste Kind wees nie. Nee, Hy moet die Eersgeborene wees onder baie broeders (en susters), die ander kinders van God. Broers en Susters, daarom het Jesus Christus na hierdie wêreld gekom en aan die kruis gesterwe, sodat ons saam met die Seun sy kinders kan wees en Hom verheerlik.

“Om ons aan Jesus Christus gelykvormig te maak, moet Hy ons eers regverdig. Dit wil sê, ons moet eers onthef word van ons sondeskuld en in die reg gestel word met God. Hierdie regverdigheid kan geen mens

aan homself verskaf nie, want voor God is ons total bedorwe. Ons kan net voor God leef en bestaan as Hy ons die geregtigheid skenk.

“Broers en Susters, hierdie geregtigheid wat God aan u en my gee, is die geregtigheid wat Jesus Christus vir ons verwerf het, toe Hy vir ons sondeskuld aan die kruis gesterf het. God spreek ons op grond daarvan vry van alle sonde. Hierdie geregtigheid word ons deel deur die geloof. Die HERE is ’n wonderlike en genadige liefdevolle God.

“As ons dus geroep is, weet ons dat ons ook geregverdig is voor God. ‘... en die wat Hy geregverdig het, dié het hy ook verheerlik.’ (Rom 8:30)

“Let wel, Paulus stel dit in die verledetyd. God het dit alles reeds in beginsel gedoen en Hy sal dit verwerklik in die lewe van sy gemeente.

“Broers en Susters, dit is die heerlike toekoms wat daar vir die gemeente van Jesus Christus wag, naamlik om saam met Hom verheerlik te word en aan Hom gelykvormig te wees.

“Laat ons toegee, hierdie doel wat God met elkeen bereik wat Hy geroep het, is ’n heerlikheid vêr bokant ons begrip of woorde. Daarom geliefdes, moet u as lidmaat in u roeping glo, want daarin is alles onwrikbaar opgesluit. Dit is vir ons ’n geweldige troos om te weet dat ons eendag saam met Jesus Christus verheerlik sal word. Dit moet ons aanspoor om die wedloop te loop met die oë gevestig op Jesus Christus, ons voorbeeld.

“Maar, Broers en Susters, dit lê ook op ons ’n ernstige verpligting. Ons is geroepe om hierdie doel reeds tydens ons lewe hier na te jaag. Reeds hier moet ons strewe om aan Christus Jesus gelykvormig te word. Dit moet in ons gesindhede en in ons werke duidelik gesien kan word.

“Wat se seën hou ons roeping in? Paulus skryf: ‘En ons weet dat vir hulle wat God liefhet, alles ten goede meewerk, vir hulle wat na sy voorneme geroep is.’ (Rom 8:28) As ons die roeping van God en die gronddoel daarvan begryp, weet ons dat alles vir ons ten goede meewerk. Uit die roeping gaan daar dus ’n geseënde krag uit oor ons lewens. En weet u wat dit beteken? Dan sal ons weet om in voorspoed dankbaar te wees; en in teëspoed geduldig en vertrouend op die toekoms te wag.

“Agter alles wat oor ons lewens kom, moet ons dan God se vaderlike gesindheid en liefde bely en prys. Ons moet die roepende God liefhê en leer om in ons lyding

te sê: Alles wat oor my kom, is ingesluit in sy voorneme met my. Daarom is alles my ten goede. Dit moet ons weet en vashou, want dit maak ons lewens onder alle omstandighede sinvol.

“As ons dus in ons roeping glo, gee dit troos en sekerheid sodat ons met Paulus kan bely: ‘Want ek is versekerd dat geen dood of lewe of engele of owerhede of magte of teenwoordige of toekomstige dinge of hoogte of diepte of enige ander skepsel ons sal kan skei van die liefde van God wat daar in Christus Jesus, onse Here, is nie.’ (Rom 8:38,39)

“Amen.”

Kommentaar:

Vir diegene wat die HERE soek, maar nog nie tot bekering gekom het nie, is dit nodig om te weet dat jy jouself nie tot bekering kan bring nie. Dit is die HERE wat jou tot bekering bring. Maar jy kan Hom vra om dit te doen.

Jy moet Jesus Christus, wat met sy dood aan die kruis vir jou sondes betaal het, as jou Verlosser aanvaar om tot bekering te kom, anders sal jou sonde as ’n skeiding tussen jou en God staan.

Vir diegene wat die HERE soek en nog nie tot bekering gekom het nie, is daar goeie nuus. In Johannes 6 vers 44 staan geskryf:

“Niemand kan na My toe kom as die Vader wat My gestuur het, hom nie trek nie ...”

So, as jy die HERE soek, is dit die HERE wat jou trek. Dan is dit die HERE wat jou roep. Dan moet jy weet dat Hy reeds ’n afspraak met jou het.

Hou ook in gedagte dat onbelyde sonde skeiding tussen jou en die HERE bring.